PROFIEL - THEUNS ELOFF

Tussen 1972 en 1989 verwerf hy B-grade in regte en teologie, en ‘n meestersgraad en doktorsgraad in teologie aan die PU vir CHO. Was predikant van die Gereformeerde Kerk Brooklyn-Pretoria, maar na die “Dakarsafari” in 1987, verlaat hy die bediening en word in 1990 hoof van die “Consultative Business Movement”. Betrokke by die fasilitering en beplanning van die Nasionale Vredeskonvensie en hoof van die Kodesa-sekretariaat en Administrasie van die Veelparty-onderhandelingsproses (1992-1993), en in 1995 hoof van die Nasionale Besigheidsinisiatief.

In 2002 word hy rektor van sy Alma Mater, en as eerste Visekanselier van die nuwe Noordwes-Universiteit (2004) help hy om die gedwonge samesmelting tussen die PU vir CHO en die *University of the North-West* ‘n sukses te maak. Tussen 2005 en 2013 voorsitter van Hoër Onderwys SA, voorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite, voorsitter van Aardklop en president van die AHI. Hy is tans voorsitter van die Dagbreek Trust, die Trust vir Afrikaanse Onderwys en van Astral Foods. Hy is die uitvoerende direkteur van die F W de Klerk Stigting,

Ontvang verskeie toekennings, waaronder die *JCI* se *Ten Outstanding Persons of the World* en die WEF se *“100 Global Leaders for Tomorrow”.* Ontvang ‘n eredoktorsgraad van London South Bank University. Buitengewone professor by die Potchefstroomse Besigheidsskool. Getroud met Suzette, met twee dogters en drie kleindogters. Hulle woon van Junie 2014 af in Pretoria en hy pendel Kaaptoe vir die werk van die Stigting.